MEMORANDUM

AAN : ALLE TAFELDRUIF PRODUSENTE
DATUM : 30 April 2020
RE : FASE 4 INPERKING – WERKGEWER VERANTWOORDELIKHEDE

Beste SATI Lid en Tafeldruiwe Boer

Baie dankie aan almal vir jul bydrae en opofferings tydens die nasionale inperking en poging om die verspreiding van die Covid-19 pandemie te stuit en sodoende lewens te spaar.

President Cyril Ramaphosa het verskillende vlakke van inperking afgekondig met fase 4 wat vanaf 1 Mei 2020 van toepassing is. Nuwe fase 4 Regulasies en spesifieke voorwaardes is ook deur die Department van Arbeid uitgereik waaraan werkgewers moet voldoen. Die klem en fokus is op veilige werksplekke wat sogenaamd "Covid-gereed" is.

Die heel belangrikste punte word soos volg opgesom:

- 'n Nuwe fase 4 permit vir werknemers moet voltooi word (reeds via streekskantore versprei)
- Werksplekke moet 'n risiko-analise doen en op rekord plaas
- Werksplekke moet 'n Covid gereedheidsplan ontwikkel (vanaf 'n basiese plan tot meer volledig vir groter werksplekke)
- Werkers moet daagliks gemonitor ("screening") word
- 'n "Covid-19 Voldoeningsbeampte" moet aangewys word om te verseker dat vereistes en riglyne in die werkplek nagekom word
- Produsente moet skriftelike bewys kan lewer van Covid-19 maatreëls tydens inspeksie duer die relevante owerhede.

Voorbeelde van die nodige werksplekplanne, vraelyste, regulasies, riglyne, inligtingstukke, handleidings en gidse is beskikbaar op die SATI webwerf by die volgende skakel www.satgi.co.za/communication/covid-19/ (nuwe inligting word gereeld bygevoeg).

Verdere navrae kan aan SATI via streekskantore of direk aan Clayton Swart (076 429 2376, clayton@satgi.co.za) of Willem Bestbier (083 269 0580, willem@satgi.co.za) gerig word.

SATI se kantoor bly operasioneel om lede en die bedryf tot diens te wees, maar in ooreenstemming met en binne die beperkings van die verskillende fases van inperking soos aangekondig.

Die President het ook aangekondig dat die verskillende fases van die inperking vanaf provinsie, munisipaliteit en distrik kan verander namate die pandemie toeneem of verminder oor die volgende paar weke en maande. Ons vra dus almal se geduld en samewerking in die ongekende tydperk.

Sterkte met die groot taak op hande en vriendelike groete.

Willem Bestbier
Hoof Uitvoerende Beampte